NOMADES
Drakensberg stap en vakansie
@
Injisuthi

Donderdag 21 Maart 2012 tot Sondag 24 Maart.
4 dae, 3 nagte

Geleë in die sentrale deel van die uKhahlamba Drakensburg Park, Injisuthi lê tussen Injisuthi (of Little Tugela) en Cowl Fork riviere. Die area word gedomineer deur Cathkin Peak, Monk's Cowl and Champagne Castle. Die zulu woord, Injisuthi be teken letterlik vertaal 'die goed gevoere padda'.

Die volgende groot pieke op die hoof-eskarpement kan van Injisuthi area gesien word : Ape (3096m), Leslies pas (3104m), Greater Injisuthi Butress (3202m), Red wall(3212m) en Pople piek(3315m). Die twee hoë pieke Mafadi(3446m) en Injisuthi dome(3410m) is ook hier naby.

<u>Akkomodasie bespreek:</u>

8 persone vir tent staanplekke(geen krag). R85/nag per person = R255 vir 3 nagte per persoon (nie per staanplek nie).

1xgroepskamer met 8 beddens.
Met beddegoed en kombuis.
R170/nag/person = R 510 vir 3 nagte per persoon
Fotos links en regs.

Bogenoemde 16 plekke is reeds betaal en daar is kanselasie fooie betrokke as ons dit nie neem nie. Boek dus asb eers vir bogenoemde.Voordat u inbetaal, kontak my net asb eers om te hoor hoeveel plek nog beskikbaar is.

Daar is ook
3 x 2 bed safari tente beskikbaar @ R300 per tent (slaap2). (foto links)

en 16 x 4 bed ten volle toegeruste huisies @ R870 vir die 1ste 3 persone en R145 ekstra vir die 4de person. (foto regs)

Vir bogenoemde 2 akkomodasie tipes, kan u direk by KZN wildlife bespreek by
Laat ons net weet asb, dan kan ons dalk help om huisies vol te maak en so kostes te bespaar.
www.kznwildlife.com of 033 845 1000 of bookings@kznwildlife.com.

Daar is ook n begeleide toer na boesman tekening grotte teen R R325 vir die 1ste 3 persone, en daarna R60 ekstra per persoon.

Waar is dit?

Draai af vanaf die N3 by die Estcount Noord/loskop afrit. Neem die Loskop pad. Volg die Loskop pad vir 27Km en draai dan links by die Injisuthi padteken. Die kamp is sowat 30km aan met hierdie pad.



GPS CO-ORDINATES 29d 26' 24.05"E, 29d 07' 06.43".

Volgend Google Map's is Injisuthi sowat 480Km vanaf Pretoria. 'n Bietjie ver maar 'n ongelooflike mooi omgewing binne in die Berge.

Wat kan ons doen daar?

Die volgende staproetes is beskikbaar, nader aan die tyd sal ek n voorgestelde program beskikbaar maak.

'Geelhout woud en ou kraal' : 2.5Km, op met Cown Stroom.

'George pools' : 5Km, 3 poele in die Injisuthi rivier. 'n waterval en 'n stukkie woud.

'Klein berg' : 8Km, in die rigting van die Heyningings pas. Meeste van die groot pieke kan vanaf die roete gesien word.

'Marble Baths' : 26Km, Via Fergys cave, old woman stream.

'Wonder Valey & Grot' : 20Km. Op met Van Heyningings pas, Op met 'Wonder valey' en verby 'Wonder cave'

'Grindstone grotte via Cataract valey' : 13Km, deur Geelhout bos, oor brug, in Cataract valey in, Verby Grindstone grotte.

'Battle grot en Injisuthi grot' : 14Km, Begeleide toer, moet vooraf bespreek word.

'Cataract valey' : 15Km, Kruis 'Old Woman' stroom bokant waterval, verby 2de waterval, op na die 'Rif'

'Poachers Stream' : 15Km, deel die 'Battle cave' roete, kruis 'Poachers' stroom, terug via Injisuthu Rivier'.

Ek sal meer detail kaarte stuur aan die wat bespreek nader aan die tyd.

Vir Meer info sien www.kznwildlife.com of www.krugerpark.com/injisuthi.htm of http://www.places.co.za/accommodation/injisuthi-drakensberg.html

Opgestel 2012/11/26 deur Marius, 083 305 6223, MariusStanderPTA@gmail.com